# Johan van der Vyver – dosent, akademikus en prinsipiële denker

Johan David van der Vyver is op 21 Februarie 1934 in Pietermaritzburg gebore en het hom in 'n indrukwekkende loopbaan onderskei as student, akademikus en as vakman, op nasionale sowel as internasionale vlak.

## Steeds student

Sy eerste akademiese kwalifikasies het hy aan die PU vir CHO verwerf: die B.Com.-graad in 1954, die LL.B. in 1956 en 'n Honneurs-B.A. in Filosofie in 1965. Hy verwerf voorts 'n doktorsgraad aan die Universiteit van Pretoria in 1974, waarvoor hy onder meer navorsing gedoen het aan die Universiteit van Columbia, die Universiteit van Michigan in die VSA en aan die *Institute for Advanced Legal Studies* in Londen. Tiperend van Van der Vyver is hy in 1986 nog steeds student en navorser, onder andere as die ontvanger van die prestige *Alexander von Humboldt Special Stipendium* en die Reisbeurs van die *Ernest Opperheimer Memorial Travel Fellowship*. Laasgenoemde toekennings bring navorsing in Heidelberg, Duitsland mee en lesingreekse aan Dordt College in die VSA.

## Erkenning

Erkenning het nie uitgebly nie. In 1986 ken die *International Institute of Human Rights* van Strasbourg, Frankryk sy *Diploma of the International and Comparative Law of Human Rights* aan Van der Vyver toe en die Universiteit van Zululand vereer hom in 1993 met 'n eredoktorsgraad in die Regte. In 1995 word hy deur sy Alma Mater vereer met die toekenning van die *PUK-Alumni-Oorkonde* by geleentheid van die Herfsgradeplegtigheid op 5 Mei 1995. Hierdie oorkonde is 'n erkentlikheidstoekenning van die kant van die *Bond van Oud-Pukke*, waardeur waardering betoon word aan oudstudente wat op 'n besondere wyse oor 'n lang tydperk hoogstaande en voortreflike diens aan die Universiteit en/of die breëre samelewing gelewer het. Tydens die anderhalfjaarlikse kongres van die *Vereniging van Universiteitsdosente in die Regte* wat gedurende Julie 1997 te Pietersburg plaasgevind het, is Van der Vyver deur die dosentekorps van al die Regsfakulteite in Suid-Afrika met 'n erepenning vereer ter erkenning van

sy uitnemende bydraes as regsdosent, navorser en bevorderaar van 'n regtekultuur in die land.

## Loopbaan as dosent en akademikus

Van der Vyver se loopbaan as dosent neem in 1958 'n aanvang met sy benoeming as dosent in die Departement Regte, wat destyds nog deel van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte was. In 1970 word hy benoem as hoogleraar in die selfstandige Fakulteit Regte en van 1972 tot 1974 dien hy as Dekaan van die Fakulteit, nadat hy sedert 1966 hoof van die Departement Regsfilosofie was. Die latere semesterstelsel aan die Universiteit is uitgebou op die model wat hy in die Fakulteit gedurende sy ampstermyn as dekaan ontwikkel het.

Gedurende die tydperk wat Van der Vyver as dosent aan die Fakulteit verbonde was, het hy hom onderskei as 'n leermeester by uitnemendheid. Hoewel Regsfilosofie sy eerste liefde was, kon hy 'n verskeidenheid dissiplines met gemak hanteer en het hy dan ook oor 'n relatief wye spektrum gedoseer. Op sy rooster was daar byvoorbeeld vakke soos Deliktereg, Huurkoopreg, Derdepartyversekering, Personereg en Familiereg, om slegs enkeles te noem. Op laasgenoemde twee vakgebiede was hy inderdaad ook mede-outeur van omvattende handboeke, wat aan verskeie fakulteite voorgeskryf was. Sy studente het sy lesings interessant en stimulerend gevind – van verveling was daar nooit sprake nie. Van der Vyver is 'n besondere vlot en begaafde spreker en sy omvangryke vakkennis is in sy voorlesings deurgaans gedra deur keurige taalgebruik en pragtige Afrikaans. Sy studente uit al die verskillende jaargroepe was dit eens dat "prof Van", soos die meeste hom genoem het, een van hulle beste dosente was, indien nie dié beste nie.

Vanaf 1978 is Van der Vyver verbonde aan die *School of Law* van die Universiteit van die Witwatersrand waar hy in verskillende hoedanighede diens gelewer en 'n leidende rol gespeel het in die instelling van 'n gedoseerde Magistergraad met Sakereg as hoofstudierigting.

Sedert die begin van 1995 is hy verbonde aan die *School of Law* van die Emory Universiteit in Atlanta, Georgia, in die VSA, naamlik as *Professor of International Law on Human Rights* en is hy *Fellow in the Human Rights Program* van die *Carter Center* in Atlanta. Hy doseer *Menseregte* (*Human Rights Law*) aan die genoemde universiteit en hy is ook leidinggewend betrokke by die Universiteit se nagraadse programme, waaraan ook studente van die PU vir CHO se Regsfakulteit deur sy bemiddeling deelneem.

Sewe kandidate het onder hom gepromoveer en sy vrugbare pen het reeds 'n ryke oes opgelewer. In 1978 word die *Toon van den Heever-prys* deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns aan hom toegeken vir sy boek *Die*

*beskerming van menseregte in Suid-Afrika*, as die beste publikasie in die jare 1975-1978.

Oor die jare het hy leidinggewende deelname gehad aan talle konferensies, kongresse en kommissies, binnelands sowel as buitelands. In 1970 het hy die eerste universiteitskursus in *Menseregte* in 'n LL.B.-leerplan aan 'n Suid-Afrikaanse universiteit laat realiseer. Die vestiging van die tydskrif *South African Journal on Human Rights* in 1985 is 'n besondere vrug op sy arbeid as baanbrekerakademikus op die terrein van fundamentele regte.

Hierdie aktiewe diensgerigte loopbaan het reeds as student begin. In die georganiseerde studentelewe was hy penningmeester van die Studenteraad en hy trap op nasionale vlak diep spore as president van die Afrikaanse Studentebond (ASB) vanaf 1956-1958.

## Van der Vyver se "stem" ten opsigte van menseregte

'n Mens sou met stelligheid en sonder enige vrees vir oordrywing kon sê dat "Potchefstroom" (hiermee bedoelende die PU vir CHO) in die verlede 'n invloed op bepaalde terreine uitgeoefen het wat buite verhouding tot bloot sy grootte as instelling gestaan het.

Hierdie verskynsel het landwyd bekend geword as "die stem van Potchefstroom" en was gedra deur gedeë prinsipiële denke, diep gewortel in die grondslae van die Christelike beskawingsfilosofie en die robuuste krag van die Calvinisme. Hierdie stem was dikwels gekenmerk deur die vreesloosheid wat die ware profetiese stem van die blote naprater onderskei het. Die feit dat sommige van hierdie stemme, soos dié van L.J. du Plessis, J.H. Coetzee en D.W. Krüger hulle van tyd tot tyd op 'n eensame pad, ook tussen hulle Potchefstroomse tyd- en geesgenote bevind het, het hulle nie laat afwyk van dit wat hulle as hulle eerlike standpunte met vreeslose oortuiging voorgehou het nie.

As daar vandag 'n opname gemaak sou word van "die stem van Potchefstroom", met die insigte wat 'n terugskouende herwaardering uiteraard meebring, sal die stem van 'n J.D. van der Vyver ongetwyfeld by dié van die grotes gevoeg moet word. Met die koms van die Regstaat, 'n Handves van Regte soos vervat in Hoofstuk 3 van die Grondwet en die feit dat "menseregte" of fundamentele regte vandag amper 'n modewoord geword het wat op almal se lippe is, kan die feit maklik oor die hoof gesien word dat daar in die verlede mense was wat dikwels met 'n aansienlike mate van prysgawe van persoonlike gewildheid in eie geledere, die idee van hierdie tipe regte bedink, nagevors en gepropageer het in 'n tydvak toe dit in Suid-Afrika in sekere kringe amper as 'n vorm van verraad beskou was.

Van der Vyver was een van hierdie voorlopers en die eerste Suid-Afrikaanse en Afrikaner-akademikus wat die leerstuk van menseregte aan 'n grondige wetenskaplik-akademiese ondersoek onderwerp het. In die voorwoord tot sy doktorale proefskrif getitel *Die juridiese sin van die leerstuk van menseregte* het hy hom soos volg uitgelaat:

> Vir Suid-Afrika is hierdie leerstuk van besondere belang omdat die wêreldwye agitasie teen die wyse waarop volkereverhoudings in ons land gereël word, meestal oor die boeg van die leerstuk van menseregte aangesien word. Hierdie ondersoek na die juridiese relevansie van die leerstuk van menseregte is gedoen met die vertroue dat dit 'n bydrae sal lewer tot begrip in Suid-Afrika van die wysgerigte grondslae waarop ons politieke kritici hulle afwysing van (onder meer) die beleid van afsonderlike ontwikkeling fundeer. Daarmee gaan die vertroue gepaard dat dit voortdurende selfkritiek sal stimuleer. Want oor 'n belangrike aangeleentheid soos inter-individuele volkereverhoudings kan geen land wat meerdere volke huisves, dikwels genoeg introspeksie hou nie (Van der Vyver, 1974: Voorwoord).

As in gedagte gehou word dat hierdie woorde bykans 'n kwarteeu gelede geskryf is, behoort dit vandag duidelik te wees dat Potchefstroom destyds reeds 'n belangrike profetiese stem in sy midde gehad het, wat ongelukkig in sommige geledinge van die eie kring nie altyd na waarde geskat is nie en dikwels ook 'n mate van verguising moes verduur. Wat het, by nabaat beskou, die Van der Vyver-stem die egte "Potchefstroomstempel" gegee? Die antwoord is eenvoudig: Van der Vyver is 'n akademikus van nasionale en internasionale formaat wat sy wortels het in die prinsipiële denke wat die stem van Potchefstroom so uniek gemaak het. Hierby was hy 'n verbete voorstander van selfkritiek, selfondersoek en lojale verset.

Daar was bewerings dat hy nie altyd lojaal was aan Potchefstroom en aan die grondwaarhede wat Potchefstroom voed en dra nie, maar sodanige standpunte toon 'n totale gebrek aan insig in die lewe en werk van J.D. van der Vyver.

## Van der Vyver se bydrae tot prinsipiële denke

Wanneer die volgende uittreksel uit die slotopmerkings tot sy proefskrif van 1974 oorweeg word, lei dit geen twyfel nie dat Van der Vyver sy plek inneem in die ry van daardie Potchefstromers wat geëer moet word vir hulle bydrae tot die prinsipiële denke wat altyd die stem van Potchefstroom ten grondslag sal lê.

> Hoe ons egter ookal van die premisse en besondere uitlopers van die tradisionele menseregteteorie mag verskil, moet daarby steeds in gedagte gehou word dat die leerstuk van menseregte die aandag gevestig het en gevestig hou op eties-gefundeerde prinsipes wat in die positiewe reg verwerklik behoort te word. Solank ons nie by die humanisme bly vassteek en die bedoelde prinsipes uit die wisselvallige voorskrifte van die menslike Rede probeer abstraheer nie, kan hierdie bydrae van die leerstuk van menseregte

> vrugbaar omgebuig word om ons opnuut op soek te laat gaan na daardie bowillekeurige eties- en pisties-gefundeerde regsbeginsels wat in die skeppingsorde van God gefundeer is en wat as *Sollensprinzip* vir elke positiewe regstelsel deur regsvormers voor oë gehou moet word – dat die mens sy roeping ook op juridiese gebied sal volvoer tot Sy eer, uit Wie, deur Wie en tot Wie alle dinge is.

Waar Johan van der Vyver vanjaar sy vyf en sestigste verjaardag gevier het, het die gedagte by sy oudstudente, kollegas, vakgenote en vriende ontstaan om hom op een of ander manier as akademikus van buitengewone formaat te huldig. Ná oorlegpleging is besluit dat dit vanweë Johan van der Vyver se verbintenis met Potchefstroom, waarop hy self ook 'n besondere premie plaas, gepas sal wees om 'n spesiale nommer van *Koers* aan hom op te dra. Dit is derhalwe vir die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, die plaaslike Regsfakulteit, die Redaksie van *Koers* en al Van der Vyver se oudstudente, kollegas, vakgenote en vriende, plaaslik en in die buiteland, 'n besondere genoeë om hierdie gedenknommer aan hom op te dra. Ons is dankbaar vir wat die Here in sy groot genade ook deur Johan van der Vyver as Christenwetenskaplike tot sy Eer bewerk het.

**Ig Vorster**
Dekaan, Fakulteit Regte
PU vir CHO
(Gasredakteur)

**Lourens du Plessis**
Fakulteit Regsgeleerdheid
Universiteit van Stellenbosch
(Gasredakteur)

**Carools Reinecke**
Rektor, PU vir CHO